

Welkom in die Saksers 3 vir die uitverkore

Voorwoord

Graag wil ek jou bedank vir die belangstelling in die toekomstige Koninkryk van die Gesalfde. Die boek is in traktate op verdeel soos die vorige Sakser boek en saamgestel vir openbaringe vir Sy volk en in die boek lê van die verborgenhede wat Sy volk toekom. Lees en bestudeer die boek met oorgawe om vrug te kan dra, 'sonder om kritiek of afbrekend te wees teenoor die boek'. Die boek is van so aard dat jy kan byvoeg as die Rein Gees(YAHUSHUA)van VADER jou daartoe lei. Jy het moontlik ook oor die jare baie vrug bymekaar gemaak, maar weet nie hoe jy dit aan 'n ander broer of suster kan oordra nie; en dit is waar die traktate jou baie gaan help. Moet asseblief nie die boek veroordeel deur te sê dat dit al weer 'n nuwe geloof of religie is nie. Die boek staan 100% onder die gehoorsaamheid aan YAHUSHUA. Soos ons weet het baie verskillende gelowe hulle ontstaan gekry deur twis en tweedrag (*Ek praat nou eintlik van tweedrag wat uit Paulus se briewe ontstaan het*) en met twis en tweedrag kan daar nie aan die koninkryk gebou word nie.

Ons moet 'n keuse maak, wie oor ons moet heers, daarom die boek as hulpmiddel om ons Heerser uit te ken. 1 Kon. 11:31 ; 12:16.

Hierdie boek is saamgestel met die oog op die koms van die Gesalfde en om ons as volk te motiveer en te leer. Dit is nie net 'n boekie om te lees en dan te bêre nie, maar wel 'n boek om mee te werk en terug te gaan en naslaanwerk te doen of net om te leer. *Matt.24: 14. sê: En hierdie evangelie van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

Die verkondiging van die "Koninkryk evangelie" en van YAHUSHUA moet eers plaasvind; en dit moet geskiet oor die hele wêreld (*tussen al twaalf stamme*). YAHUSHUA se heerskappy moet deur Sy volk gepleit word by VADER om vir Hom as Heerser na ons te stuur. Voorbereiding moet ons doen sodat die hele wêreld Sy Lofwaardigheid op die wolke kan aanskou as Hy kom om te kom heers in Sy koninkryk.

Hierdie is die eerste druk van die boek en mag dit veel vrug dra! Lees dit, geniet dit en vrees onse Koning wat die taak aan ons gelaat het.

Welkom by die werkverrigting aan die Koninkryk!

Die goeie keuse wat jy gemaak het gee vir jou nou die geleentheid om in te skakel by die heerskappy se aktiewe weë. Hierdie traktaat gids is slegs saamgestel om jou werk te vergemaklik saam met die goedgunstigheid van VADER. Werk daarmee en voeg by soos die Rein Gees van VADER jou lei. Met die intrede van die werkverrigting in die heerskappy sal jy hulp nodig hê en die boek is daar vir jou bystand om 'n riglyn daar te stel sodat jy altyd daarna kan teruggaan vir informasie. Jy sal sien die boekie is verdeel in eenvoudige samevattinge of traktate oor spesifieke onderwerpe.

Hier is die traktate se name en blad verwysing nommer:

no: naam

- | | |
|-----|-------------------------------|
| 1 | Wysheid van Sirag |
| 4 | Wat mag ons eet |
| 15 | Dié twee Wesens |
| 23 | Terug na die Paradys |
| 29 | Talente |
| 34 | Raka |
| 38 | Oorwinningslied |
| 41 | Nader my Skepper |
| 42 | Lewe na die dood |
| 53 | Astrale / Roemwaardig liggaam |
| 61 | In die begin |
| 65 | Huwelik voorbereiding |
| 70 | Hel |
| 74 | Boer of Afrikaner |
| 78 | Atlantis |
| 83 | Kalender berekening |
| 90 | In die begin |
| 94 | Vergewing |
| 99 | Oes van siele |
| 104 | Die tien vrae |
| 110 | Engele ! |
| 116 | Keuse |
| 124 | Verskillende geloof sieninge |

In die gids boek gebruik ek slegs die "Regte" name

Die regte

Die verkeerde

Teenoor

VADER bly VADER	}	HERE, Here(Baal = verwarring.)
YHWH ; <u>YAHWEH</u> ...Ek is.....		
YHWH..Ewig Lewegewende EEN		
YHWH..Ewig Lewende Een.....		
YAHUSHUA..ons Losser.....	}	Jesus (Griekse godin van genesing en of seun van Zeus)
<u>YAHUSHUA</u> ..Ek is, jou Losser		
Skepper, VADER en SEUN.....		God(minderwaardig, 'n ander god)
Die Rein Gees van VADER.....	}	Heilige Gees ('n volgende persoon) Heilig (gees van die Son)
(Ruach ha Kodesh).....		
Amein (laat dit so wees).....		Amen(Amen - Ra = Songod en of Songod Zeus)

YHWH / YAHUSHUA die Gesalfde is die Seun van VADER. Joh.5:43

Ons vertroosting lê vasgevang in Openbaring nl:

Open.3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.:11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my ~~God~~ VADER maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my ~~God~~ VADER skrywe en die naam van die stad van my ~~God~~ VADER, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my ~~God~~ VADER neerdaal, en my nuwe Naam.:13 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Open.2:13, 25

Ons begin met die woorde:

Open 3:8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My woord bewaar en My Naam nie verloën nie.

Wysheid van Sirag

Wysheid van Sirag (24) Lof op die wysheid.

1. YHWH prys Homself en te midde van Sy volk word Hy geëer.
2. In die vergadering van VADER open Hy Sy mond en voor Sy leërskaer word Hy gerespekteer.
3. YHWH, uit die mond van die Allerhoogste (VADER) het Ek voort gekom, en soos die duisternis het Ek die aarde bedek. (Ps.2:7)
4. In die hoogtes het Ek (YHWH) gewoon, en My troon was in die wolkkolom.(Joh.17:24)
5. Die hemelgewelf het alleen omspan en op die bodem van die diepte het Ek gewandel. (Job.26:10 / Spr.8:27)
6. Oor die branders van die see en oor die hele aarde en oor elke volk en nasie het Ek geregeer.
7. In al hierdie dinge het Ek 'n rusplek gesoek(en gesê) „In wie se erfenis sal Ek woon?”
8. Toe het VADER, die Formeerder van die heelal, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en Hy het gesê: „Onder Jakob moet Jy woon en in Israel moet Jy (Jou) erfdeel besit,” (Ps.78:71 / Deut.32:9)
9. Van ewigheid, van die begin af het Hy (VADER) My geskape, en tot ewigheid sal Ek nie ophou nie. (Jes 49:5)
10. In die reine tabernakel het Ek voor VADER gedien en so was Ek in Sion gevestig.
11. In die geliefde stad het Ek, wat My betref, gerus, en in Jerusalem was My heerskappy.
12. En Ek (YHWH) het wortel geskied onder 'n geëerde volk, onder die deel van YHWH (en) van Sy erfenis.
13. Soos 'n seder op Libanon is Ek verhef, en soos 'n olyfboom op die gebergte Hermon.
14. Soos 'n palmboom in Engedi is ek verhef, en soos roosplante in Jerigo; soos 'n groen olyfboom in die Laagland, ja, Ek is verhef soos 'n plataan by die waters.
15. Soos kaneel en geurige kalmoes en soos uitgesoekte mirre het Ek 'n geur gegee; soos galbanum en naeltjies en storaksgom en soos wierook (was Ek) in die tabernakel. (Ex.25:22) / Num.7:89)
16. Ek, soos 'n terpentynboom het Ek My takke uitgestuur, en My takke was takke van eer en guns.
17. Ek was soos 'n wingerdstok wat guns laat uitspruit, en My blomme is die vrug van Lofwaardigheid en glorie.
18. o
19. Kom na My toe, julle wat My begeer, en versadig julle met My opbrengs. (Matt.11:28)
20. Want My gedagtenis is soeter as heuning, en My erfenis as 'n heuningkoek.

21. Hulle wat My eet, sal nog honger wees, en hulle wat My drink, sal nog dors hê. (Joh.4:10; 6:54,56)
22. Hy wat na My luister, sal nie beskaamd staan nie, en werke wat deur My (verrig word), sal nie vernietig word nie. (Jer.45:4 / Hos.6:1)
23. Al hierdie dinge is die verbondsboek van VADER, die Allerhoogste, die wet wat Moses ons beveel het as 'n erfdeel vir die vergadering van Jakob,
24. 0
25. wat (mense) soos Pison met wysheid vervul, en soos die Tigris in die dae van die (koring) are;
26. wat verstandigheid laat vloei soos die Eufraat, en soos die Jordaan in die dae van die oes;
27. wat onderrig laat oorvloei soos die Nyl, en soos Gihon in die dae van die druiweoes.
28. Die eerste (mens) het haar nie volkome geken nie, en so sal die laaste haar nie kan naspeur nie;
29. want haar insig is groter as die see, en haar raad is groter as die wêreld vloed.
30. Ook is Ek soos 'n stroom van 'n rivier en soos 'n waterkanaal in 'n tuin het Ek te voorskyn gekom;
31. Ek het gesê: „ Ek sal My tuin natlei, en Ek sal My tuinbedding versadig (met water)” en kyk, die stroom het vir My geword tot 'n rivier, en My rivier het geword tot 'n see.
32. Nog sal Ek onderwysing soos die môre laat skyn en Ek sal dit laat uitstraal tot in die verte.
33. Nog sal Ek onderrig soos profesie uitgiet en Ek sal dit nalaat vir verre geslagte.
34. Kyk, want ek het nie vir My alleen geswoeg nie, maar vir almal wat My soek.

Sesduisend jaar het YHWH geswoeg, 'ja' die wat Hom behaag, die wat na Hom vra is die wat saam met Hom maaltyd gaan hou. Dié wat Hom nou loof en prys ja die wat vir Hom opkom in alle gesprekke is die wat deel uit kan maak van die 144 duisend wat nou gemerk moet word!

Bedink dit vriend.

Wat mag ons eet ?

Voedsel wat ons eet

Meeste van ons weet dat ons aan die Skrif gehoorsaam moet wees. Oor die voedsel wat ons eet moet daar meer duidelikheid wees, omdat ons almal tog moet eet. Sommige eet om te lewe, terwyl ander weer lewe om te eet. Elkeen moet self gaan kyk wat reg is, maar hierdie sal as 'n riglyn kan dien.

Ons kan die vleis wat ons mag eet in drie basiese groepe verdeel:

Die viervoetige diere; Visse; Voëls

Die viervoetige diere. In die Wet lees ons die volgende:

Levítikus 11:2-7:

Spreek met die kinders van Israel en sê: Dit is die diere wat julle mag eet van al die viervoetige diere wat op die aarde is. Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, [en] herkou – dit mag julle eet. Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat gesplitste kloue het: die kameel, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie – besoedel is hy vir julle; en die das, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie – besoedel is hy vir julle; en die haas, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie – besoedel is hy vir julle; ook die vark, want hy het gesplitste kloue, ja, heeltemal gesplitste kloue, maar hy herkou nie – besoedel is hy vir julle.

Levítikus 11:27, 29 en 30:

En alles wat op kaal pote loop onder al die viervoetige diere – besoedel is hulle vir julle;... En die volgende is vir julle besoedel onder die ongediertes wat op die aarde wemel: die mol en die muis en die akkedis volgens hulle spesies, en die krimpvarkie en die geitjie en die klipsalmander en die koggelmander en die verkleurmannetjie.

Levítikus 11:41, 42:

En al die ongediertes wat op die aarde wemel, is 'n gruwel – dit mag nie geëet word nie. Alles wat op die buik seil en alles wat op vier [pote] loop, ook alles wat baie pote het, naamlik al die ongediertes wat op die aarde wemel - julle mag dit nie eet nie, want dit is 'n gruwel.

Deuteronómium 14:4-8:

Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap en 'n bok; 'n takbok en 'n gemsbok en 'n gestippelde takbok en 'n steenbok en 'n ribbok en 'n eland en 'n klipspringer; en al die diere wat gesplitste kloue het, en wel heeltemal in twee gesplitste kloue, [en] herkou onder die diere dié mag julle eet. Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat die gesplitste kloue het: die kameel en die haas en die das, want hulle herkou maar het geen gesplitste kloue nie – onrein is hulle vir julle; ook die vark, want hy het gesplitste kloue, maar is geen herkouer nie – besoedel is hy vir julle. Van hulle vleis mag julle nie eet en hulle karkas mag julle nie aanraak nie.

In hierdie gedeeltes is daar duidelike aanwysings van wat geëet en wat nie geëet mag word nie. Dit is egter nie die enigste viervoetige diere nie. Daar is 'n baie groot verskeidenheid. Laat ons dus nou gaan kyk watter ander diere, wat nie hier genoem word nie, wel geëet mag word.

Die voorvereiste is dat hulle móét herkou ÉN heeltemal gesplitste kloue moet hê.

Die kameelperd (*Giraffa camelopardalis*) behoort tot die orde van die soogdiere wat as *Artiodactyla* of gesplete hoof-diere bekend staan. Die kameelperd is, soos die bees en die bok, 'n herkouer.

Die buffel, blouwildebees en die bison behoort tot die familie *Bovidae*, en behoort tot die orde *Artiodactyla* (ewehoewige soogdiere) en die suborde *Ruminantia* (herkouers).

Die viervoetige diere wat ons mag eet, sluit dan die volgende in:

Beeste, skape, bokke, takbokke, gemsbokke, gestippelde takbokke, steenbokke, ribbokke, elande, klipspringers, kameelperde, buffels, blouwildebeeste, bisons en ander boksoorte wat nie hier genoem word nie.

Viervoetige diere wat NIE geëet mag word nie, sluit die volgende in:

Kameel, haas, das, vlakvark, vark, perd, ape en bobbejane, renoster, seekoei, olifant, zebra en kwagga, alle honde, alle katsoorte, eekhoring, otter, likkewaan, mol, muis, akkedis, krimpvarkie, geitjie, klipsalmander, koggelmander en verkleurmannetjie.

Visse. In die Wet lees ons die volgende:

Levítikus 11:9-12:

Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die see en in die riviere – dit mag julle eet. Maar alles wat geen vinne en skubbe het in die see en in die riviere nie, van al die gewemel van die water en van elke lewende siel wat in die water is – 'n gruwel is dit vir julle. Ja, 'n gruwel moet hulle vir julle wees; van hulle vleis mag julle nie eet nie, en hulle karkasse moet vir julle 'n gruwel wees. Alles wat geen vinne of skubbe in die water het nie – 'n gruwel is dit vir julle.

Deuteronómium 14:9 en 10:

Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het, mag julle eet. Maar alles wat geen vinne en skubbe het nie, mag julle nie eet nie – onrein is dit vir julle.

Hierdie opdrag is effens moeiliker omdat ons nie almal Vissers is nie. Daar is egter redelik betroubare boeke waarin ons kan naslaan.

Een baie goed gedetailleerde boek is, "*Smith's Sea Fishes*" deur Prof. J.L.B. Smith, waarin meer as 'n duisend seevisse bespreek word en aan elkeen 'n syfer toegeken is. Ook word hulle opgedeel volgens hul orde, familie en genus. Besonderhede oor die skubbe kan in enige van hierdie drie afdelings voorkom. Vir u gerief word die nommers hier genoem sodat u self ook in die boek kan gaan nalees.

Die kode wat in die boek gebruik word om die aantal skubbe aan te dui, is byvoorbeeld: L.I. 42, Tr 3/9. Dit sal beteken dat daar 42 skubbe in die laterale lyn (sylyn) vanaf die skouer tot stertvin en 3 rye bokant en 9 onderkant die sylyn naby die skouer is. Die laterale lyn is 'n kenmerkende streep wat op die vis se sykante sigbaar is en beteken nie noodwendig dat daar skubbe teenwoordig is nie.

Die meeste visse se skubbe kan sikloid-vormig of kamvormig wees. Die grootte en dikte van skubbe mag ook baie verskil. Nêrens in die Skrif lees ons dat ons nie roofvisse mag eet nie.

SEEVISSE

BEKENDE NAAM BIOLOGIESE NAAM BESKRYWING VAN SKUBBE EN VINNE

ANSJOVIS

Anchovy *Anchoviella Indica* Geen sylyn. Skubbe in 37-42 reekse, met 9 rye naby (Nr. 118) die skouer. Rug- en anaalvin.

Anchovy *Anchoviella Commersonii* Geen sylyn. Skubbe in 37-40 reekse, met 9 rye naby (Nr. 119) die skouer. Rug- en anaalvin.

Anchovy *Anchoviella Holodon* Geen sylyn. Skubbe in 39-42 reekse, met 9 rye naby (Nr. 120) die skouer. Rug- en anaalvin.

Anchovy/*Ansjojie Engraulis Japonicus* Geen sylyn. Skubbe in 40-45 reekse, met 6-8 rye (Nr. 123) naby die skouer. Rug- en anaalvin.

BARRACUDA

Barracuda *Scomberomorus Commerson* Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin (Nr. 840).

ENGELVIS

Angel Fish *Platax Pinnatus* Skubbe is klein en grof, maar is stewig aan lyf vas (Nr. 577). Rug- en anaalvin.

Angel Fish *Heniochus Acuminatus* Ongeveer 45 skubbe in sylyn. Rug- en anaalvin (Nr. 590).

Angel Fish *Brama Raii* Ongeveer 90 reekse van skubbe. Rug- en anaalvin (Nr. 859).

GALJOEN

Banded Galjoen *Coracinus Multifasciatus* Ongeveer 70 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis (Nr. 645) van stertvin. Slegs die bek het nie skubbe nie. Rug- en anaalvin.

Beaked Galjoen/ *Oplegnathus Conwayi* Skubbe is klein en sterk en sit stewig vas. Rug- en Pappegaaivis. Anaalvin. (Nr. 461)

Galjoen *Coracinus Capensis* 60-64 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 644) stertvin. Slegs die bek het nie skubbe nie. Rug- en anaalvin.

Pan Galjoen *Neoscorpis Lithophilus* 90-97 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 646) stertvin. Rug- en anaalvin.

HARING

Flat Herring *Macrura Kelee* Geen sylyn. Skubbe in 42-44 reekse, met 12-14 rye (Nr. 109) naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik. Rug en anaalvin.

Herring *Etrumeus Micropus* Skubbe verloor maklik. Geen sylyn. 48-56 syreekse (Nr. 106). Rug- en anaalvin.

Herring *Harengula Vittata* Geen sylyn. Skubbe in 39-41 reekse, met 12-13 rye (Nr. 112) naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik. Rug- en anaalvin.

Herring *Thrissocles Malabaricus* Geen sylyn. Skubbe in 37-40 reekse, met 11 rye naby (Nr. 121) die skouer. Rug-en anaalvin.

Herring *Thrissocles Setirostris* Geen sylyn. Skubbe in 40-44 reekse, met 11 rye naby (Nr. 122) die skouer. Rug- en anaalvin.

Spotted Herring *Harengula Ovalis* Geen sylyn. Skubbe in 42-44 reekse, met 10-11 rye (Nr. 111) naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik. Rug- en anaalvin.

Wolf Herring *Chirocentrus Nudus* Skubbe klein, sikloïd-vormig. Geen sylyn. Rug- en (Nr. 103) anaalvin.

Wolf Herring *Chirocentrus Dorab* Skubbe klein, sikloïd-vormig. Geen sylyn. Rug- en (Nr. 104) anaalvin.

KABELJOU

Kabeljou *Johnius Hololepidotus* 50-58 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 552) stertvin, buisies met verskeie vertakkings, veranderlik. Skubbe 8 rye bokant en 20 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

KARP

Karp *Argyrozona Argyrozona* 59-62 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 745) stertvin, met 7 rye bokant en 19 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Skubbe tussen oë. Rug- en anaalvin.

KOLSTERT

Kolstert *Diplodus Sargus* 62-72 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 713) stertvin, met 8 rye bokant en 18 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

KONINGKLIP

Kingklip *Acanthistius Sebastoides* Skubbe is klein. Ongeveer 60 buisies in sylyn vanaf (Nr. 431) skouer tot basis van stertvin, 17 rye bokant en 50 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Kingklip *Epinephelus Andersoni* Skubbe is klein. Ongeveer 80 buisies in sylyn vanaf (Nr. 437) skouer tot basis van stertvin, en 16 rye bokant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Kingklip *Genypterus Capensis* Geen skubbe op kop. Slegs die kieudeksel het skubbe (Nr. 1023). Baie klein skubbe in skuins rye wat gedeeltelik ooreenkom. Geen aanduiding van vinne nie.

MAKRIEL

Frigate Mackerel *Auxis Thazard* Skubbe slegs as 'n borsstuk. Geen skubbe op agterlyf (Nr. 828). Rug- en anaalvin.

Mackerel/Makreel *Scomber Japonicus* Liggaam heeltemal geskub. Rug- en anaalvin (Nr. 839).

Spanish Mackerel *Scomberomorus Commerson* Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin. (Nr. 840)

Spanish Mackerel *Scomberomorus Maculatus* Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin (Nr. 842).

SALM

Beaked Salmon *Gonorhynchus Gonorhynchus* Kop en lyf bedek met klein kamvormige skubbe (Nr. 102). Rug- en anaalvin.

Cape Salmon *Atractoscion Aequidens* 75-80 buisies in sylyn vanaf skouer tot basis van stertvin (Nr. 554) aan voorkant met baie vertakkings, die op agterkant van sylyn met 3 vertakkings. Rug- en anaalvin.

Cape Salmon *Elops Saurus* 100-120 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 100) stertvin, met 12 rye bokant en 17 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Rock Salmon *Lutianus Argentimaculatus* 40-47 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 664) stertvin, met 7 rye bokant en 14 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Rock Salmon *Plagiogeneion Rubiginosus* Ongeveer 70 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 575) stertvin, met 12 rye bokant en 24 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Salmon/Salmon Bass *Johnius Hololepidotus* 50-58 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 552) stertvin, buisies met verskeie vertakkings, veranderlik. Skubbe 8 rye bokant en 20 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Salmon de Alto *Polymixia Nobilis* Ongeveer 50 skubbe in sylyn. Liggaam bedek met (Nr. 283) skubbe. Rug- en anaalvin.

Small Salmon *Johnius Sina* Skubbe word redelik maklik verloor. Sylyn het ongeveer (Nr. 550) 50 buisies met 2 vertakkings vanaf skouer tot basis van stertvin, met 7 rye bokant en 13 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Snapper Salmon *Otolithes Ruber* In sylyn vanaf skouer tot basis van stertvin ongeveer 50 (Nr. 553) boomvormige buisies, met 8 rye onderkant en 10 rye bokant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

SARDIENS/SARDYN

Sardine *Sardinella Melanura* Geen sylyn. Skubbe in 39-42 reekse, met 11 rye (Nr. 113) naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik. Rug- en anaalvin.

Sardine *Sardinella Jussieu* Geen sylyn. Skubbe in 44-48 reekse, met 12 rye (Nr. 114) naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik. Rug- en anaalvin.

Sardinha *Sardinella Aurita* Geen sylyn. Skubbe in 45-50 reekse, met 12 rye (Nr. 114a) naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik. Rug- en anaalvin.

Sardine/Sardyn *Sardinops Ocellata* Geen sylyn. Skubbe in 50-55 reekse, met 12 rye Pilchard naby die skouer. Skubbe is dun en verloor maklik (Nr. 115). Vergrote skubbe by stertvin. Rug- en anaalvin.

SKELVIS

Haddock *Physiculus Capensis* Heel moontlik ongeveer 100 klein skubbe in sylyn vanaf skouer tot (Nr. 206) basis van stertvin. Rug- en anaalvin.

SNOEK

Snoek *Scomberomorus Leopardus* Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin (Nr. 841).

Snoek *Thyrsites Atun* Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin (Nr. 863).

STEENBRAS

Bank Steenbras *Palunolepis Grandis* Skubbe middelmatige grootte. 50-53 skubbe in (Nr. 399) sylyn vanaf skouer tot basis van stertvin, met 5 rye bokant en 14 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Geel Steenbras *Petrus Rupestris* 57-63 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 741) stertvin, met 12 rye bokant en 20 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Gedeeltelik geskub tussen die oë en voorste kieudekselrand. Rug- en anaalvin.

Sand Steenbras *Lithognathus Mormyrus* 60-65 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 727) stertvin, met 6 rye bokant en 14 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Geen skubbe tussen oë, op voorste kieudekselrand, of op rug- en anaal vin nie. Rug- en anaalvin.

Steenbras *Sparodon Durbanensis* 58-61 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 711) stertvin, met 7 rye bokant en 14 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Geen skubbe tussen oë of op voorste kieudekselrand nie. Rug- en anaalvin.

Steenbras *Cymatoceps Nasutus* 61-65 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 719) stertvin, met 11 rye bokant en 22 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Rug- en anaalvin.

Wit Steenbras *Lithognathus Lithognathus* 44-51 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 726) stertvin, met 5 rye bokant en 14 rye onderkant die sylyn naby die skouer. Geen skubbe tussen oë, op voorste kieudekselrand, of op sagte rug- en anaalvin nie. Rug- en anaalvin.

STOKVIS (HAKE)

Stokvis/Stockfish *Merluccius Capensis* 125-140 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 257) stertvin. Klein sikloïd-vormige skubbe. Rug- en anaalvin.

TONGVIS

Sand Sole *Trulla Capensis* 90-115 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 342) stertvin. Rug- en anaalvin.

Sole *Coryphaesopia Cornuta* 90-100 sikloïd-vormige skubbe in sylyn vanaf skouer (Nr. 319) tot basis van stertvin. Rug- en anaalvin.

Sole *Zebrias Regani* 82-90 kamvormige skubbe in sylyn vanaf skouer tot (Nr. 320) basis van stertvin. Rug- en anaalvin.

Sole *Heteromycteris Capensis* 80-88 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 321) stertvin. Rug- en anaalvin.

Sole *Synaptura Kleini* 110-130 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 323) stertvin. Rug- en anaalvin.

Sole *Synaptura Marginata* 100-130 skubbe in sylyn vanaf skouer tot basis van (Nr. 324) stertvin. Rug- en anaalvin.

Sole *Austroglossus Pectoralis* 145-180 skubbe in sylyn vanaf skouer tot

basis van (Nr. 325) stertvin. Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin.
Sole Austroglossus Microlepis Ongeveer 180 skubbe in sylyn vanaf skouer tot (Nr. 326) basis van stertvin. Skubbe baie klein. Rug- en anaalvin.

TUNA

Bluefin Tunny/ Thunnus Thynnus Kragtige liggaam met klein skubbe, 'n voorste Tuna borsstuk. Hele liggaam geskub. Rug- en anaalvin (Nr. 831).

Itoshibi Tuna/Tunny Germo Itosibi Kragtige liggaam, skubbe vorm 'n borsstuk aan voorkant (Nr. 834). Rug- en anaalvin.

Little Tunny/Tuna Euthynnus Alleteratus Geen skubbe op agterlyf. Rug- en anaalvin (Nr. 830).

Longfin Tunny/Tuna Germo Alalunga Kragtige liggaam, skubbe vorm 'n borsstuk aan voorkant (Nr. 836). Rug- en anaalvin.

Yellowfin Tunny/ Germo Albacora Kragtige liggaam, skubbe vorm 'n borsstuk aan voorkant. Tuna Rug- en anaalvin (Nr. 835).

VARSWATERVISSE

Baber Orde: Siluriformes Gladde vel, geen skubbe.

Forel Familie: Salmonidae Klein skubbe, rug- en anaalvin.

Geelvis Barbus capensis Skubbe en vinne.

Karper/Karp Familie: Cyprinidae Sommige soorte het byna geen skubbe nie, tot ander wat baie skubbe het.

Kurper Familie: Cyprinidae Sommige soorte het byna geen skubbe nie, tot ander wat baie skubbe het.

Paling Orde: Anguilliformes Geen skubbe.

Swartbaars Orde: Perciformes Meeste skubbe met 'n groot donkerige kol.

Varswatersnoek Familie: Esocidae Klein skubbe, rug- en anaalvin.

Ander verbode seediere

Ander waterdiere wat as voedsel bedien word en wat nie aan die vereistes voldoen nie, is die volgende:

Walvisse en robbe, omdat hulle geen skubbe het nie en deur lange asemhaal, al is hulle seediere. Ook voed hulle hul kleintjies.

Garnale (shrimps), krewes (lobster), mossels, slakke, seekat en krappe, die skilpad, krokodil, seekat, paling, haai, dolfyn en paddas mag ook nie geëet word nie. Daar is natuurlik nog 'n groot groep wat nie hier gemeld word nie.

Voëls

Levitikus 11:13-19: En die volgende moet julle van die voëls vir 'n gruwel hou – hulle mag nie geëet word nie, 'n gruwel is hulle: die arend en die lammervanger en die aasvoël; en die kuikendief en die valk volgens haar spesie; elke kraai volgens sy spesie; en die volstruis en die naguil en die seemeeu en die kleinvalk volgens hulle spesies; en die steenuil en die visvanger en die steenuil; en die silweruil en die pelikaan en die klein-aasvoël; en die groot-sprinkaanvoël, die reier volgens haar spesie, die hoep-hoep en die vlermuis.

Deuteronomium 14:11-18: Al die rein voëls mag julle eet. Maar dit is wat julle uit hulle nie mag eet nie: die arend en die lammervanger en die

aasvoël; en die kuikendief en die valk en die blouvalk volgens haar spesie; en elke kraai volgens sy spesie; en die volstruis en die naguil en die seemeeu en die kleinvalk volgens hulle spesies; en die steenuil en die grootuil en die silweruil; en die pelikaan en die klein-aasvoël en die visvanger; en die groot-sprinkaanvoël en die reier volgens haar spesie, en die hoep-hoep en die vlermuis.

As ons mooi gaan kyk na die dieet van die voëls wat nie geëet mag word nie, sal ons sien dat hulle hoofsaaklik vleis- of aaseters is.

Nêrens in die Skrif word melding gemaak van enige web-voetige voëls wat nie geëet mag word nie.

In 1 Konings 4:23 word genoem dat Salomo daaglik vetgemaakte ganse, asook ander vee, laat gaarmaak het. Dit is 'n interessante woordkeuse.

"vetgemaakte" Strong's # 75 'abac (aw-bas)';

a primitive root; to fodder:

KJV-- fatted, stalled. (DIC)

"ganse" Strong's # 1257 'barbur (bar-boor)';

*by reduplication from 1250; a fowl (as fattened on grain):*KJV-- fowl (DIC)

Dit was dus nie noodwendig ganse wat gaargemaak is nie, maar wel 'n voël wat op graangewasse vetgemaak is. Dit kan dus enige pluimvee wees. Hulle dieet bestaan hoofsaaklik uit graangewasse.

Duifvoëls: Klipduif, tortelduif, bosduif en ander.

Eendvoëls: Alle eende, ganse en swane.

Hoendervoëls: Kwartel, pou, fisant, patrys, tarentaal, kalkoen, en hoender.

'n Afleiding wat rakende rein voëls gemaak is, is dat hulle kroppe moet hê.

Ons lees dit in Levitikus 1:14-16. Onrein voëls is nooit as brandoffers aan YHWH berei nie.

Levitikus 1:14-16: En as sy bydrae aan YHWH 'n brandoffer is van voëls, moet hy sy bydrae naderbring van tortelduiwe of van jong duiwe. En die priester moet dit na die altaar naderbring en die kop afknyp en op die altaar aan die brand steek, en die bloed moet teen die kant van die altaar uitgedruk word. Dan moet hy die krop met die vere daaraan verwyder en dit by die altaar gooi, aan die oostekant, op die as – plek .

Bogenoemde kan egter nie net ten opsigte van rein voëls geld nie, aangesien alle voëls 'n krop en 'n maag het. Die rede hiervoor, is omdat hulle nie tande het nie. Die spysverteringstelsel van 'n voël is egter daarvoor aangepas.

Wanneer die maag of krop van byvoorbeeld 'n hoender oopgesny word, sien 'n mens dat dit 'n bietjie gruis bevat. Die voël sluk hierdie gruis met opset in.

Wanneer voedsel in die voël se maag beland, trek die spiere van die maagwand saam en die gruis tree op soos 'n meul om die graankorrels en ander voedsel fyn te maal. As 'n voël geen gruis in sy maag het nie, sal hy spysverteringsprobleme hê en sal sy gesondheid daaronder ly.

In die basiese skelet, struktuur en belangrike inwendige organe, is voëls baie dieselfde as ander gewerweldes. Die grootste verskil is dat voëls vlerke het om mee te vlieg, spiere het vir die vlerke, 'n verlenging van die borsbeen

het en dat kos in die maag gemaal word omdat voëls nie tande het nie.
(Collier's Encyclopedia, Boek 4, bl 194)

INSEKTE

Levitikus 11:20-23: Al die insekte met vlerke wat op vier [pote] loop – 'n gruwel is hulle vir julle. Maar die volgende mag julle eet van al die insekte met vlerke wat op vier pote loop: wat bokant die pote springbene het om daarmee op die grond te spring. Van hulle mag julle die volgende eet: die treksprinkaan volgens sy spesie en die boom sprinkaan volgens hulle spesies en die springer volgens hulle spesies en die voetganger volgens hulle spesies. Maar al die ander insekte met vlerke wat vier pote het – 'n gruwel is hulle vir julle.

Levitikus 11:41 en 42: En al die ongediertes wat op die aarde wemel, is 'n gruwel – dit mag nie geëet word nie. Alles wat op die buik seil en alles wat op vier [pote] loop, ook alles wat baie pote het, naamlik al die ongediertes wat op die aarde wemel – julle mag dit nie eet nie, want dit is 'n gruwel.

Deuteronomium 14:19: En al die insekte met vlerke moet vir julle onrein wees; hulle mag nie geëet word nie.

In die sakboekgids "Insekte" deur Erik Holm & Elbie de Meillon, uitgegee deur Struik, word die treksprinkaan en sprinkaan as volg beskryf:

Orde Orthoptera: Suborde Caelifera

Hierdie insekte staan bekend as sprinkane in die solitiëre fase en treksprinkane in die swermfase. Sprinkane het verskillende kleurvorms, bruin en groen sprinkane kom byvoorbeeld binne dieselfde spesie voor. By treksprinkane lyk die enkelinge in die tuisgebied soos gewone sprinkane.

Alle sprinkane vreet slegs plante. Sprinkane se agterpote is springpote.

Treksprinkane is berugte vernietigers van oeste, maar is ook tradisioneel 'n bron van voedsel vir inheemse bevolkingsgroepe.

Insekte wat nie geëet mag word nie: Spinnekoppe, honderd- en duisendpote, bosluise, naaldekokers, termiete, krieke, kewers, torre, oorkruipers, hottentotsgotte, toktokkies, muskiete, vlieë en brommers, skoenlappers en motte, bye, kakkerlakke, mopaniwurms en alle vorms van wurms en ruspes.

DIE SLAG/BLOEI VAN DIERE WAT ONS EET

Openbaring van Henog 15:9 en 10: En alles wat julle as voedsel het, bind dit by vier bene vas, dit is genesend [hy genees sy eie siel]. Die adamiet wat 'n dier doodmaak sonder om hom vas te bind – dit is 'n bese gebruik [hy oortree teen sy eie siel].

Levitikus 3:17: 'n Ewige Insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke: géén vet en géén bloed mag julle eet nie.

Levitikus 17:13: En elkeen uit die kinders van Israel en uit die besoekers wat onder hulle vertoef, wat 'n stuk wild of 'n voël vang wat geëet mag word – hy moet die bloed daarvan laat uitloop en dit met grond toemaak.

Die vraag is nie hoe gesond ons wil wees nie, maar wel hoe gehoorsaam ons aan YHWH se Wette is? Wanneer daar in die Wet staan dat ons géén vet en géén bloed mag eet nie, is dit presies wat daar staan.

(Vet is natuurlik nie soos bloed wat vrylik uit kan loop as die keel gesny word nie. As die dier oop geslag word sal daar gesien word dat daar binne in die dier vette is en as die vel af gesny word sal daar buite vette wees. Die binne vette sit gewoonlik om die niere en al met die ruggraat af. Die buite vette kry jy die los vette en die vaste vette. Slagpale en groot slaghuise maak produkte soos Hols am, Pret of Dripping vet uit die binne vette van diere, want dit het min weefsel in. Die buite vette gebruik hulle weer vir die maak van wors (droëwors) en gemaalde vleis produkte. Nou die vet aan die binnekant van die slagdier is los vet wat nie geëet mag word nie en net so ook met die los vet aan die buitekant van die slagdier. Die vet wat aan die vleis vassit en tussen die weefsels ingaan wat deel van die vaste – vleis is, is eetbaar of bruikbaar. *(Wetenskaplikes het uitgevind dat daar gifstowwe wat die liggaam uitdrywe gaan vassit in daardie los of ekstra vette.)*)

Die diere wat ons dus eet, moet gevang word (óf in 'n kamp gejaag word en gevang word, óf met 'n lasso oor die kop óf met 'n pyl en boog sodat hy nog lewendig is), dan moet sy pote vasgebind word. Eers dán kan die dier se nekslagaar gesny word sodat hy kan doodbloei. Die kop moet nie afgesny word nie.

LET WEL: DIE DIER MOET DOODBLOEI en nie doodgemaak word nie. Wanneer die slagaar (L.W. nie die kop nie) gesny word, sal die dier se bloed stadig uit sy liggaam pomp terwyl hy in 'n koma gaan en die dood later intree. Die dier sal dan ook baie meer ontspanne wees en nie in sy eie bloed verstik soos wanneer sy keel afgesny word nie.

Ns.

Ek wil net noem dat YHWH ons as Israeliete op alle vlakke van bestaan versorg. Een van my vriende het eendag aan my gesê, dat YHWH “stofsuiers” gemaak het wat bo in die lig is, wat op die aarde is, en wat onder die aarde is in die waters. Dit is soos die Aasvoëls, Wurms, Varke, en Skulpdiere, veral wat aan rotse vas suig. Interessant is dat navorsing oor die “stofsuiers” veral by die skulpdiere baie toksikogenies is en dit in hulle vleis bevind is.

Ek bedank almal wat deel uitgemaak het om die studie stuk daar te stel sodat die uitverkore volk van YHWH met 'n geruste hart kan eet, soos op bladsy twee en ook Dogter van Sion.

Thank You for previewing this eBook

You can read the full version of this eBook in different formats:

- HTML (Free /Available to everyone)
- PDF / TXT (Available to V.I.P. members. Free Standard members can access up to 5 PDF/TXT eBooks per month each month)
- Epub & Mobipocket (Exclusive to V.I.P. members)

To download this full book, simply select the format you desire below

